**Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS**

(nav Network)

Sessie 1 – "Imagine a Church..."

Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)

Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)

Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)

**Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)**

Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)

**Inleiding – *notas vir leiers***

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid 'n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na 'n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

## **Sessie 5 – Die invloed van Passie (**The influence of passion)

**Inleiding**

Wat is die een saak wat jou tot dusver die meeste getref of aangespreek het?

**PERSOONLIKE STYL**

Die waarde daarvan om te bepaal wat elkeen se persoonlike styl is dat dit elke individu in staat stel om op die mees effektiefste manier en plek met elkeen se gawe te dien!

**PERSOONLIKE STYL BESKRYWING (p 114)**

Wat dink julle kan gebeur as iemand nie op die regte plek en manier dien nie?

- Verhoudings geforseerd en nie eg
- Verloor gou motivering
- Raak gou moeg en uitgebrand
    - *Enige een wat dalk so 'n ervaring gehad het, kan dit dalk met die groep deel....*

Twee belangrike sake in hierdie gesprek is:

- Hoe word jy ge-energeer? (p 115)
- Hoe word jy georganiseer? (p 116)

Waarskuwing: Persoonlike styl verduidelik ons gedrag, maar is nie 'n verskoning daarvoor nie (does not **excuse** it). *Jy kan bv nie omdat jy ongestruktureerd is deadlines mis soos jy wil nie, of omdat jy minder mens-georienteerd is dit as verskoning gebruik om ongeskik te wees met mense nie!*

Lees deur die kolomme op p 117 en laat elkeen merk wat is meer kenmerkend van hulle.

**Gemaksones (Comfort Zone)**

Die 4 kolletjies op die grafiek op p 118 wys hoe 4 individue bv al vier min of meer dieselfde persoonliike styl kan hê en tog verskillend van mekaar kan wees omdat hulle op verskillende plekke op die grafiek lê. Mike behoort bv baie meer net taak gestruktureerd te wees terwyl die ander, omdat hulle naby aan ander lyne lê, meer van die ander eienskappe ook kan hê.

Doen die **oefening op p 119**: Skryf by A jou naam met jou voorkeur hand (die meeste van ons is regshandig). Skryf by B jou naam met jou ander (dom) hand.

- Wat het gebeur toe jy met die ander hand moes skryf? *(bv ongemaklik, het nie vanself gekom nie, moes dink daaroor, vat langer, nie so netjies as met ander hand nie)*
- Op die einde van die dag kon jy seker dit regkry om jou naam met beide hande te skryf
- Wat leer ons hieruit oor gawes en persoonlike styl?

**DIENS PROFIEL: PASSIE VIR DIEN (p 120)**

Waaraan (gawes) dink jy as jy die volgende name hoor:

- Billy Graham (evangelisasie)
- Moeder Theresa (mercy)
- Johan van Dyk (worship)

Hulle gawes vertel vir ons iets van hulle passie waarmee hulle die gawes beoefen.

Lees p 120-121 met die groep deur, asook die spesifieke teksverse op p 122.

Die kolomme op p 123 verduidelik watter verskillende woorde daar is waarmee jy jou passie kan beskryf. Lees dit deur en merk wat waar is van jou oor jou gawe

Hierdie passies **motiveer** jou om op 'n sekere manier te dien

**MINISTRY PASSION ASSESSMENT (p 124-129)**

Hierdie oefening wil jou help om te bepaal watter God-gegewe passie jy het vir 'n bediening of gawe.

Op p 124 word die oefening verduidelik (gee vir elkeen 15 minute om die vrae te antwoord)

Dit is moontlik dat vir sommiges hierdie oefening baie duidelik en maklik was en hulle baie maklik hul passie ontdek het. Maar vir ander was dit dalk moeiliker. Bevestig vir hierdie mense egter dat hierdie ontdekking ook deel van 'n journey is.

Geen dvdsessie ( p 130)

**Afsluiting en saambid**

Dit sal goed wees om net 'n bietjie te reflekteer – en laat elke groeplid dalk net sê wat hulle die meeste getref het of wat hulle nuut geleer het in die Bybelstudie.

Sluit die byeenkoms af met gebed.